Die ware definisie van dissipelskap

Daar is al baie oor dissipelskap geskryf. Daar is inderdaad baie studies oor hierdie onderwerp beskikbaar, maar dit is juis omdat die kerk nie aktief dissipelskap beoefen nie dat ons so min gelowiges sien wat in ware gesag loop.

Dit is nie so eenvoudig om 'n ware dissipel te definieer nie. Dit strek verder as om net in tale te praat of in die gawes van die Gees te beweeg. Dit gaan oor 'n gelowige wat in Gees en Waarheid wandel en wie strewe om meer soos Jesus te wees, en wie 'n intimie verhouding met die Here wil aanknoop. Slegs wanneer ons in Sy teenwoordigheid wandel kan ons ook die vrugte van die Gees dra. Om 'n ware dissipel te wees gaan oor 'n gelowige wat die ecclesia-lewe beoefen en bowenal 'n seun of dogter van die Here is.

'n Dissipel is per definisie een wat 'n oortuigende aanhanger is van 'n skool van gedagtes of van 'n individu. In die geval van Jesus was Sy dissipels diegene wat Hom gevolg het terwyl Hy op die aarde was, sowel as diegene wat vandag Hom steeds en sy leringe volg. Maar so min gelowiges word behoorlik gedissipel en opgelei om gelowiges te word en dan geleer hoe om ander te dissipel.

Ons ken almal die Groot Kommissie volgens Mattheus 28. Vraag is, wie voer werklik hierdie opdrag uit? Was hierdie bevel slegs aan die 12 dissipels gegee? Was dit net aan die leiers en pastore van vandag gegee? Nee, die Here het met Sy dissipels gepraat en ons is Sy dissipels as ons Hom volg en Hom gehoorsaam as ons Heer en Verlosser.

Gaan kyk in die spieël en vra jouself die vraag hoeveel mense het jy al gedoop in water en gees? Hoeveel mense het jy al opgelei en gedissipel?

Hoeveel mense het jy geleer om Jesus se leringe te volg? Dit is ons almal se plig as dissipels van die Here om mense te doop, om hulle op te lei en te onderrig – alles binne die omvang van ons unieke persoonlikhede, geskenke en talente.

Hier is dan die probleem – ons het steeds die gedagte dat dissipelskap slegs die werk van die kerkleiers is. Dit is 'n dwalingleerling. Volg jy die Here in 'n ware verhouding? Dan is jy 'n dissipel van die Here. En as jy 'n dissipel van die Here is, is jy geroep om ander te dissipel, hulle te leer van God en hulle te doop om meer soos Jesus te word. Ons word nie geroep om klone van onsself te maak nie, maar om ander na die voete van die Vader te lei sodat hulle geestelik in heerlikheid kan groei en om in die beeld van Jesus aan hom glorie te bring.

Ons sukkel egter met die konsep van wat beteken dit om iemand te dissipel. Is dissipelskap slegs om die kerk op 'n Sondagoggend by te woon en woord en onderrig te ontvang? Nee, dit is woordverklaring. Dit is nie dissipelskap nie. Is dit dissipelskap om weeklikse sel- en gebedsgroepbyeenkomste by te woon? In 'n klein mate dra dit by tot dissipelskap, maar dit is nie ware dissipelskap nie.

Om die antwoord op ware dissipelskap te ontdek, moet ons terugkeer na die bron – die een wat dissipels geroep het – Jesus. Om dissipelskap te begryp, moet ons verstaan wat 'n dissipel in Jesus se dae behels. Om dissipelskap te verstaan moet ons ook insig verkom rakend hoe Jesus se dissipels Sy opdrag verstaan het. Ons moet verstaan dat dissipelskap beteken om iemand die ware weg te wys hoe om te lewe as 'n seun of dogter van die Allerhoogste.

Hoe het Jesus geleer om die perfekte Seun te wees, of in ons logiese denke, die perfekte Christen? Was Hy opgelei in 'n kerkgebou? Het Hy enige

dienste bygewoon? Jesus het geleer om 'n Seun te wees voor die grondlegging van die aarde. Hy het geleer wat dit beteken om 'n ware Seun te wees omdat Hy het dit direk van die Vader geleer. Voor die skepping van die mens was daar volmaakte gemeenskap in die hemel gewees tussen Vader en die Seun en die Gees. Jesus was die perfekte Seun voor Adam gebore is. Toe Jesus op aarde gestap het, was Hy alreeds die volmaakte Seun. Hy het net geleef soos Hy in die hemel geleef het!

Wat het Jesus op aarde gedoen? Hy het geloop in 'n ware en intieme verhouding met die Vader. Hy het du sook ander die weg na die Vader gewys en Hy dus vir Sy dissipels gewys hoe om 'n werklike en intieme verhouding met die Vader aan te knop en koester. Hy het gekom sodat ons die Vader kan 'sien'. Jesus was die volmaakte Seun, sodat ons die perfekte Vader kon vind.

Juesus het gesterf sodat ons ware geestlike seuns en dogters van die Vader mag wees. Jesus het al daardie wonderbaarlike tekens en wonders gedoen as gevolg van Sy volmaakte Seunskap. Hy het nooit die Vader verraai nie. Hy was vol mag as God maar Hy was tog 'n mens. Jesus het geweet wat dit beteken om 'n Seun te wees. Jesus het sy volmaakte Seunskap in sy verhouding met sy aardse moeder getoon. Hy het Sy volmaakte Seunskap aan die wêreld gewys sodat ons almal seuns en dogters geestelik kon word, omdat Hy wil hê dat ons die Vader saam in 'n intieme en liefdevolle verhouding dien.

Wat beteken dit dus om 'n kind van God te wees, dus 'n dissipel? Dit is 'n lewende, asemrowende geloofsverhouding. Om 'n seun of dogter van die Here te wees is nie iets wat onstaan of gevoed word deur rituele nie. Dit is daardie daaglikse samesmelting van jou gees en Sy Gees. Dit is sy bloed wat in ons are loop, verstand verbind met verstand, hart met hart, siel met siel, vesel met vesel, been met been en moraliteit en onsedelikheid.

Ons verhouding met God is lewendig; Dit is iets lewendig, iets ewig, en iets werklik.

Om 'n kind van God te wees kan nie gedefinieer word, of vasgelê word binne ons raamwerk van rasionele denke nie. Ons word nie 'n ware dissipel deur slegs op 'n Sondag kerk by te weoon of deur nou end an te bid nie. Dit gaan nie oor hoeveel liedjies ons sing nie. Dissipelskap gaan ook verhouding – 24 uur 'n dag. Om 'n dissipel te wees ontstaan uit ons geestlike geboorte en dit vloei in ons bloed. Dissipelskap is liefde en eindelose hoop. Om 'n kind te wees beteken jy en die Vader lewe in verhouding en saam word ons verweef in Sy Glorie en teenwoordigheid.

JY IS 'N DISSIPEL WEENS JOU VERHOUDING MET DIE HERE. Dit is die eenvoudig waarheid. Ons is dissipels omdat ons 'n verhouding koester met die Here. Dissipelskap is nie tydelik nie, maar ewig. Dit is nie institusioneel of rasionalisties of abstrak nie. Dit is lewendig. Dit is goddelik.

Die Skrif sê die Here het ons in die geheime plek geken en ons in die geheime plek gevorm voordat ons gebore is (Psalm 139). Ons is reeds kinders van die Here toe ons in die geheime plek gebore is. Voordat ons nog asem gehaal het, het die Here ons in die geheime plek gevorm om Sy seun of dogter te wees. In die dae van Israel is seunskap en dogtersskap in die tent van samekoms, dus in die heiligdom en in Sy teenwoordigheid, gesmee. Toe Moses die berg opklim, het hy 40 dae voor die Vader gesit. Seunskap was in sy hart verseël omdat vir 40 dae het hy geleer hoe om 'n ware verhouding te kweek met die Here. Moses het in Psalm 91 geskryf hoe hy skuiling gevind het onder die vleuel van die Here - dit is die geheime plek, die ontmoetingsplek - die plek van Sy teenwoordigheid.

Die dag wanneer ons in die gees wedergebore word (Johannes 3), betree ons Sy teenwoordigheid, dus die geheime plek, waar ons weer begin lewe as Sy kinders. Hierdie geestelike ontwaking begin dan floreer en groei en dit word versterk van kry krag tot krag soos 'n magtige vloed en soos 'n magtige donderweer. In die geheime geestelike plek waar goddelikheid en die mens ontmoet, vind ons die Vader. In Sy teenwoordigheid kom ons onder die vleuel van God en die vleuel is die Verbond van die Bloed.

Ons lewe in 'n ware verhouding wanneer ons weer God vind en besef Hy het ons gevorm om Sy kind te wees. Wanneer ons terugkeer na God en wandel in die teenwoordigheid van Sy Glorie begin ons werklik lewe as Sy kinders, dus dissipels van die Alerhoogste. Jesus het vir ons gewys hoe om 'n ware verhouding met die Vader aan te knoop. Jesus het vir ons geleer dat die Vader leer Sy kinders persoonlik en intiem hoe om Sy kinders te wees, en so stap dissipels van die Here in Sy teenwoordigheid, in Sy weë, en hulle word bedek onder die Bloed. Dit is dissipelskap.

Van die dae van Adam en Eva het die Here ons gewys hoe om te lewe as 'n geestlike seun en dogter. Dit is noodsaaklik vir ons om dit te verstaan. Die verbond was die middle hoe om as 'n ware kind van God te lewe. Die definisie van seunskap en dogterskap het nooit verander nie – dit gaan oor 'n intieme verhouding met God en nie oor godsdiens nie. God se definsie van Christenskap het nooit verander nie – dit is slegs nou tot volmaking gebring. Die verbond in die dae van Abraham en Moses het reeds die weë van seunskap en dogterskap duidelik gemaak. Dit het uiteindelik die hele mensdom, insluitende Israel, voorberei om die volmaakte genadeverbond te omhels.

Die Bloed van Jesus verseël die volmaakte verbond van Vader met die doel vir geestelike seuns en dogters om wedergebore te word. Die Bloed laat ons toe om die sluier om sy te skuif en so in die Heilige van die

Heiliges te woon, dus in Sy teenwoordigheid te rus. Die Bloed van die Lam verseël die Verbond en die Verbond verseker dat ons dissipels van die Lewende Heer word.

Deur die geskiedenis het God sy voorneme duidelik gemaak: hoe om as 'n perfekte seun of dogter te lewe. Dit is wat Hy wil hê. Geen rituele. Hy begeer Sy seuns en dogters moet wandel as ware dissipels, wat Hom en Sy Koninkryk trots maak. Hy soek dus volgelinge wie werklik wandel as geestelike seuns en dogters. Hy wil dissipels hê wat geestelik in Gees en Waarheid as seuns en dogters wandel, wat dus onder die volle gesag van God lewe.

Om 'n kind van God te wees beteken om in Hom te lewe, en dan lewe Hy in ons (Johannes 15). Die Bruid misluk steeds in haar begrip rondom wat dit beteken om die kerk te wees. Ons word geroep om bloot 'n seun of dogter te wees van die Here, en dus ons is die kerk. Die gelowiges is 'n lewendige en heilige priesterskap. Die kerk is nie die gebou. Uiteindelik word ons geroep om seuns en dogters van die goddelike en ewige koninkryk te wees. In die waarheid van kennis en wese lê ons krag en sekuriteit. Ons is dissipels wanneer ons toelaat dat God die Here in ons lewens word.

Dissipelskjap beteken ons wandel as seuns en dogters van die Here – 'n verhouding van intimiteit. Deur die Verbond van die Bloed lewe ons nou vir Sy Koninkryk, onder die gesag van die Koning, tot Sy eer en Glorie. Ons hele doel is slegs om die Koning van alle koning te eer en om lof aan Hom te bring. Dit gaan oor lojaliteit, gehoorsaamheid en heiligmaking. Om te wandel as 'n seun of dogter van God behoort 'n normale geestelike toestand te wees, net soos asemhaling en slaap natuurlik vir ons fisiese liggame is. Om 'n volgeling van die Here te wees, beteken ons wandel in Sy glorie en Gees en teenwoordigheid elke sekonde. Dissipelskap gaan alles

oor verhouding, waar ons in Gees en Waarheid God loof in die Troonkamer. Dissipelskap gaan dus oor ons karakter, gedrag, houding, norme, waardes, prioriteite, beskouings, persepsies en ingesteldhede. Dissipelskap moet 'n weerspieëling wees van die goddelike waardes van die Koninkryk.

Slegs in Sy teenwoordigheid, as seuns en dogters van die Alerhoogste, weet ons wie ons is in Christus. In Sy teenwoordigheid vergaan ons vrese en onsekerhede aan die hand van die Een wat ons gemaak het. In daardie perfekte wandeling ken ons die Vader en ons kan rus in Sy Glorie. In God vertrou ons en so word ons versterk om in geloof te wandel. As dissipels is ons Sy ware kinders – gekoop met die Bloed van die Lam!

DISSIPELSKAP GAAN DUS OOR WARE VERHOUDING, NIE GODSDIENS.
Ons verhouding met die Here word nie deur rituele en tradisie gedefinieer nie, maar dit word gedefinieer deur ons verhouding met God. Ons wandel tog in genade, en ons lewe in oorvloed omdat Hy 'n persoonlike en liefdevolle God is wie ons ken.

Kyk na die lewe van Jesus. Hy was perfek versorg en liefgehad en versterk om te voltooi wat die Vader in Hom begin het. Maar Jesus het in gehoorsaamheid, in liefde en in vertroue aam met die Vader gestap en Sy Koninkryk is wat Hy koester. As ons ware seuns en dogters is - dus ware dissipels - dan is God en Sy Koninkryk ons vreugde en ware begeerte. Seunskap en dogterskap - dit is wat die Here begeer. Ons grootste doel dan in die lewe is om dissipels as geestlike seuns en dogters van die Here te word.

Die hoofdoel van dissipelskap is om soos Jesus te wees. Jesus het gekom om ons te leer dat om soos Hy te wees beteken ons moet strewe om 'n perfekte seun of dogter van God te wees! Ja, Jesus het ons deur

dissipelskap geleer dat ons uiteindelik as volmaakte seuns of dogters moet wandel, sodat ons ook aan die voete van die Vader kan sit, vervul deur die Heilige Gees!

Die doel van dissipelskap is nie noodwendig om 'n persoon voor te berei vir bediening nie. Dit is eerder om ander te leer en te wys hoe om soos 'n ware seun of dogter van God te wees. Die jong gelowige bo alles moet geestelik groei van heerlikheid tot eer as 'n geestelike seun of dogter – dan is hy of sy 'n ware dissipel. Jesus het immers op die aarde ook as 'n mens grootgeword, maar Hy as die volmaakte Seun geleef. Hy het gekom om ons te wys hoe om te lewe as die perfekte seun of dogter. Hy het 'n ware verhouding met die Vader gekoester net soos God met Adam gewandel het.

Die doel van Christelike dissipelskap is dus om meer soos God te word, wat slegs vermag word deur 'n intieme verhouding met die Alerhoogste. In Christus se driejarige bediening op aarde het Hy dikwels gesê dat Sy doel was om Sy dissipels oor Sy Vader te leer. Christus wou hê dat ons moet weet dat God 'n werklikheid is, dat Hy lewe, dat Hy soewerein is en dat Hy liefdevol is en dat Hy 'n plek voorberei vir Sy gelowiges in die hemel. 'n Doel van dissipelskap is dus ook om te groei in ons kennis van God.

In Filippense 1:9 het Paulus gesê: *"En dit is my gebed, dat jou liefde meer en meer oorvloedig kan word in kennis en diepte van insig."* Soos ons groei geestelik, moet ons tog verlang om in Sy glorie te lewe en om Sy werklike teenwoordigheid in ons lewens te ervaar. Ons moet dit begeer om meer van Sy teenwoordigheid te ervaar. 'n Kind wil tog gedurig in die teenworrdigheid wees van die ouer. Dit moet ons verlange wees om meer van God te verstaan, om meer van God te weet, en om nader aan God te groei in genade.

Om die vrugte van die Gees te dra is 'n ander doel van Christelike dissipelskap. Dit sê in *"Johannes 15: 8 My Vader word juis daardeur verheerlik dat julle baie vrugte dra en my dissipels is."* 'n Dissipels word geken aan die vrugte wat die dissipel dra. Dra ons die vrugte van die Gees of die vrugte van die vlees? Dit is noodsaaklik om die vrug (die karakter van Jesus) werklik te beoefen. Ons die ware vrug van Sy heerlikheid ontbreek in ons lewes beteken dit eenvoudig ons het nog nie toegelaat dat God alles in ons lewes word nie.

Christelike dissipelskap kan omgesom word as 'n tipe van 'n opleiding of 'n mentorskapprogram wat ontwerp is om individue te ontwikkel om meer soos hulle Verlosser te word. Toe Christus mens geword het en op aarde gewoon het, het Hy al dieselfde proewe, pyne en vervolginge ondergaan wat die mens gely het. Hy het homself dus as 'n perfekte voorbeeld vir ons bewys hoe om te lewe om eer aan die Vader te bring. Daarom is een van die primêre doelstellings van Christelike dissipelskap om die karakter van Christus na te volg. 1 Petrus 2:21 sê: *Juis hiervoor is julle ook geroep, omdat Christus self vir julle gely en so vir julle 'n voorbeeld gestel het, sodat julle in sy voetspore kan volg.*

So, wat het Jesus ons geleer van dissipelskap? Dit is eenvoudig. Hy het 12 volgelinge geneem om vir meer as drie jaar saam met Hom te wandel. Elke dag het hulle Hom dopgehou – hulle het Hom bestudeer en mooi gekyk wat Hy gedoen het, hoe Hy dit gedoen het en wat Hy gesê het. Hulle het gekyk hoe Hy gebid het, hoe Hy geestlik gewandel het en hulle het hom elke stap gevolg. En wat hulle gewaard het, het hulle gedoen! Dit is dissipelskap.

Ware dissipelskap is wanneer 'n gelowige, wat in die volwassenheid van die geloof loop, 'n jong gelowige onder sy of haar vlerk neem. In vandag

se wêreld kan niemand tog 24 uur per dag in iemand se geselskap wees nie! Maar as 'n ware gelowige, moet ons genoeg tyd toelaat om vir hierdie jong gelowige op te lei, en hulle op die geestelik pad te lei om by die voete van die Vader te gaan sit. Die jong gelowige moet dus tyd toegelaat word om prakties geleer te word deur die mentor hoe om as 'n dissipel te groei tot God se glorie.

Die jong gelowige moet egter leer om nie 'n kloon van die mentor te word nie, maar moet groei in die beeld van Christus. Die mentor, soos Paulus, dien as geestelike vader of moeder, wat die weg na die ware leermeester aanwys. Die mentor, deur praktiese en teoretiese wysheid, en in volwassenheid en in Gees, neem verantwoordelikheid vir daardie jong gelowige totdat hy of sy in geestelike volwassenheid as 'n dissipel groei.

Dissipelskap gaan dus nie net oor die verstaan van leerstellinge nie, of woordproklamasie nie. Dissipelskap gaan oor mentorskap. As die volwasse gelowige is jy in wese die geestelike vader of moeder vir dié wat jonk in die gees is. Net soos die 12 volgelinge presies gedoen het wat Jesus gedoen het, moet diegene wat reeds dissipels is met groot verantwoordelikheid en aanspreeklikheid die korrekte grondslag vir die jong gelowige neerlê. Die jong gelowige moet van die mentor leer en so prakties in die wysheid, karakter en kennis van God groei. Vir watter doel? Sodat die jong gelowige dan ander volgelinge van die Here kan dissipel!

Ware dissipelskap beteken dat ons die jong gelowige die volle geleentheid moet bied om oorwegend van die mentor te leer. Maar dit vereis volwassenheid en wysheid van die mentor, wie steeds onder die hoof van Jesus staan. Al die kudde behoort tog aan God (Johannes 10). Ons word geroep om te mentor totdat die jong gelowige sterker word as 'n dissipel sodat hy of sy uiteindelik iemand anders kan dissipel.

Jesus het ons geleer dat die regte manier is vir 'n jong gelowige om onder die vleuel van 'n meer volwasse dissipel te rus. Hierdie mentor moet met 'n sterk band van vriendskap die jong gelowige die toue wys en hom prakties en teoreties van God leer. As dié volwasse dissipel 'n ware volgeling van die Here is, sal hy of sy in die vrugte van die Gees wandel en sal wysheid toegepas word om die jong gelowige tot die voete van die Here te lei en hom aan te moedig om van ander te leer. Maar hierdie mentor moet die geestelike vader bly totdat die tyd ryp is vir die jong gelowige, wat nou geestelik gegroei het, om self te gaan bedien om dissipels te maak.

Dit is dus die ware doel van dissipelskap – om mense te leer om soos Jesus te word in karakater en geestelike volwassenheid.

Jesus kon op 'n baie intense en persoonlike vlak 12 dissipels bedien. In ons leeftyd sal ons waarskynlik sowat ses tot sewe dissipels oplei. Onthou, dissipelskap behels 'n intense reis wat jy met iemand loop, en in ons geval kan hierdie reis baie jare duur voordat die persoon gereed is om ander te dissipel en 'n mentor te word. Selfs dan sal jy vir die res van jou lewe 'n geestelike vader of moeder vir daardie dissipel bly. Dit behels baie werk en toewyding. Dit behels baie verantwoordelikheid en aanspreeklikheid om die jong dissipel om hul geestelike reis by te staan.

Kan jy sien hoe die prentjie ontvou? As ons almal behoorlik dissipelskap toepas, sal ons 'n bruid beleef vol volwasse gelowiges, wie toegerus en opgelei is, gereed om ander toe te rus. Dit is wat Jesus met die 12 gedoen het – wat toe 11 geword het. Tydens die uitstorting van die Gees was die dissipels so bemagtig dat die hele Christelike beweging aan die brand gesteek was! Hoekom? Want Jesus het die dissipels behoorlik opgelei. Jesus het wel ook baie woordverkondiging gedoen en Hy het

voortdurend die skare geleer, maar Hy het net 12 dissipels gehad wat saam met Hom gewandel het en voortdurend van Hom geleer het!

Vir Paulus gaan dissipelskap om Christus na te boots. Dit is nie 'n Nuwe-Testamentiese verskynsel nie. Dissipelskap was die algemene metode waarop die rabbi sy navolgeling opgelei en geleer het. Daardie dissipels het dan rabbi's geword wat hul eie dissipels opgelei het en so aan. Dit is belangrik om te onthou ons rig nie dissipels op vir ons eie glorie nie, maar om glorie aan God te bring.

Op sy tweede sendingreis neem Paulus die jongman Timoteus onder sy vleuel (Handelinge 16), en en so reis Timoteus oral saam met sy mentor. So leer Timoteus die leerstellinge van die geloof en word opgelei in die werk van die bediening. Paulus het diep gesaai in die lewe van Timoteus. Timoteus sal uiteindelik as biskop van die kerk in Efese dien. Paulus het dus as 'n mentor Timoteus opgerig om 'n dissipel te wees na die hart van die Here. Paulus het dit gedoen tot eer van God, en nie homself.

Die probleem is dat ons nie meer dissipels maak nie. Ons het baie Christene wat kerk en weeklikse vergaderings bywoon, maar waar is die dae toe die volwasse dissipel iemand onder sy vlerk geneem het om die jong gelowige tot volwassenheid op te lei? Dit is die eenvoudige proses van vermenigvuldiging. Ons het baie studente en leerders, maar te min geestlike seuns en dogters wat in die Gees en Waarheid wandel onder die gesag van Jesus.

Is hierdie metode van dissipelskap slegs eksklusief vir die Nuwe Testament? Nee, want God is dieselfde vandag, gister en more. Kom ons kyk na 'n paar voorbeelde van mentorskap in die Ou Testament. Kyk na die profeet Elia, wat Elisha tegnies as dissipel opgelei het. Kyk na Moses, wat Josua tegnies tegnies as dissipel opgelei het. In albei hierdie gevalle vind ons 'n

proses van ‘n mentor wat ‘n jong gelowige ondersteun, bystaan, onderrig en bemoedig. Elisa het saam met Elia geloop, terwyl Josua vir 40 jaar in die woestyn saam met Moses gewandel het. Albei hierdie mans het by die mentor geleer voordat hulle hul die mantel oorgenemeem het.

Ten slotte, wat is die definisie van 'n dissipel? 'n Dissipel is een wat Jesus volg en dan ander dissipel om Jesus te volg. Die kenmerk van dissipelskap is verhouding. Om ‘n dissipel te wees beteken ons lewe en wandel as geestelike seuns en dogters van die Here. Ons is dissipels omdat ons ‘n verhouding met die Here koester. Sonder verhouding is daar geen ware dissipelskap nie.

Wil jy 'n ware dissipel wees? Loop dan saam met God in 'n intieme, lewende en werklike verhouding.